# Kareeberg Munisipaliteit

## 100/2022 KWOTASIE: PLASTIESE VULLISSAKKE

Skriftelike, getekende kwotasies word hiermee ingewag vir die verskaffing en aflewering v.o.s. Carnarvon van 90 000 by 40 mikron swart plastiese sakke (750mm x 950mm), verpak in hoeveelhede van ses-en-twintig per pak met die nodige sakbinders. Kwoteerders se aandag word daarop gevestig dat aflewering van die helfte by die toekenning van die kwotasie moet geskied en die balans drie maande later.

**Kwoteerders moet hulle belastingnakomingsstatus PIN verstrek. Die unieke MAAA nommer moet ook op die Kwotasie verstrek word. Kwotasies sal verwerp word indien die voorgeskrewe verklaring van belange vorm (MBD 4) nie aangeheg is nie, sowel as die MBD 1. Die ingevulde vorms MBD 6.1, MBD 8 en MBD 9 moet ook aangeheg wees met bewyse dat geen gelde aan 'n munisipaliteit verskuldig is nie, ten opsigte van dienste en eiendomsbelasting. Die BBEE vrystelling verklaring moet oorspronklik beëdig wees. In geval van 'n maatskappy moet die direkteure se rekenings aangeheg word. Die 80/20 puntestelsel is van toepassing. Let wel dat alle vorms wat benodig word op die webtuiste, www.kareeberg.co.za beskikbaar is.**

Verseëlde kwotasies gemerk **"KWOTASIE: PLASTIESE VULLISSAKKE"** moet die ondergetekende voor of op **Vrydag, 9 Desember 2022** om **12:00** bereik, waarna dit in die openbaar oopgemaak sal word. Kwoteerders moet die geldigheidsduur van die kwotasie aandui.

Die Munisipaliteit verbind hom nie om die laagste of enige kwotasie te aanvaar nie, en behou die reg voor om enige kwotasie as geheel of gedeeltelik te aanvaar.

**MNR A P F VAN SCHALKWYK**
**WAARNEMENDE MUNISIPALE BESTUURDER**

Posbus 10
Carnarvon
8925

Tel. 053-3823012

18 November 2022

L8.2.1

Kennisgewingbord
Webtuiste: www.kareeberg.co.za